Sedert 1921
Wees jouself

# Laerskool Jan van Riebeeck

Adres | Kloofstraat 52, Kaapstad, 8001
Webtuiste | laerskooljanvanriebeeck.co.za
E-pos | ontvangs@jvrprim.co.za
Tel | 021 423 4209

## GEDRAGSKODE VIR LEERDERS, ONDERWYSERS, PERSONEEL, NIE-PERSONEEL EN OUERS

Die Beheerraad van Laerskool Jan van Riebeeck, as verteenwoordigers van die ouers, onderwysers en personeel van die skool, het hierdie gedragskode saamgestel en aanvaar in konsultasie met leerders, onderwysers, personeel en ouers. Hierdie gedragskodae bevat bepalings om die regte en verantwoordelikhede van die leerders, onderwysers, personeel, nie-personeel en ouers van Laerskool Jan van Riebeeck te omskryf.

Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ("die Grondwet"), die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van1996) ("die Skolewet"), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 72 of 1996), Riglyne vir Gedragskode vir Leerders, asook toepaslike regulasies en provinsiale wetgewing.

1. WOORDOMSKRYWING:

In hierdie dokument het die woorde die betekenis soos hieronder aangedui:

a) "Leerder" beteken 'n kind wat ingeskryf is by Laerskool Jan van Riebeeck en wie geleer of opgevoed word deur 'n onderwyser.

b) "Kontrakteur" en "diensverskaffer" beteken persone en / of instansies wat nie in diens van die Onderwys Departement of skool staan nie en wie 'n kontrak met die skool aangegaan het om 'n bepaalde diens te lewer (byvoorbeeld arbeidsterapie of sportafrigting) en wat insluit 'n verteenwoordiger en / of werknemer.

c) "Nie-personeel" beteken kontrakteurs en diensverskaffers.

d) "Onderwyser" beteken 'n persoon wat ander persone leer, opvoed of oplei of wat professionele terapie verskaf by enige skool, of help om professionele diens te lewer wat deur of in 'n onderwysdepartement verskaf word, (en wie se diensvoorwaardes in terme van die Wet op Indiensneming van Onderwysers, 1998 gereël word) en enige ander persoon wat by die raad geregistreer is.

e) "Ouer" beteken die ouer of voog van 'n leerder, en / of die persoon wat regtens die plig van bewaring en versorging van 'n leerder het en / of die persoon wat onderneem om die verpligtinge ten opsigte van 'n leerder se skoolopvoeding na te kom.

f) "Personeel" beteken personeel wat in diens staan van die Onderwys Department of die skool en wie nie die opvoeding en onderrig van leerders hanteer nie (byvoorbeeld finansiële beampte en sekuriteitsbeamptes).

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

g) “Skool” beteken Laerskool Jan van Riebeeck.

## 2. INLEIDING

Geeneen van onderstaande, met verwysing na ONDERWYSER EN / OF LEERDER EN / OF OUER EN / OF VOOG EN / OF PERSONEEL EN / OF NIE-PERSONEEL dra ter eniger tyd meer gewig as die landswette of die Gedragskode soos deur die Onderwysowerheid voorgelê nie.

Die gedrag, houding, optrede en voorbeeld van leerders, onderwysers, personeel, nie-personeel en ouers / voogde sal te alle tye sodanig wees dat dit die respek van ander leerders, onderwysers, personeel, nie-personeel, ouers, voogde en die gemeenskap sal afdwing tot voordeel van die skool.

## 3. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

Die doel van die gedragskode is om ‘n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewyd is aan die bevordering en instandhouding van die leerproses.

Die doel kan soos volg uiteengesit word:

3.1 om positiewe dissipline te bevorder;

3.2 om selfdissipline aan te leer;

3.3 om voorbeeldige gedrag te vestig en te handhaaf.

Leerders en hul ouers moet hulself met die skool se gedragskode, ander beleide en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode en moet hulle diet stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

Die gedragskode maak voorsiening vir die regte van die individu.

## 4. GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

Ek, die leerder, weet dat ek onder andere die volgende regte het:

a) Demokratiese prosesse;

b) Nie-diskriminasie en gelykheid;

c) Privaatheid, respek en waardigheid;

d) Vreedsaamheid, vryheid en veiligheid;

e) Vryheid van uitdrukking en die reg om te betoog;

f) Onderwys.

Ek, die leerder, besef dat onderlinge samewerking tussen myself en die ander persone wat by my opvoeding en onderwys betrokke is, slegs suksesvol kan wees indien alle partye

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

ooreenkom oor die nastrewing van waardes en beginsels. Die waardes wat deur my nagestreef word, word vergestalt in die gedragskode hier onder uiteengesit.

4.1 Menseregte

Terwyl ek daarvan bewus is dat ek oor sekere regte beskik ingevolge die Grondwet, erken ek dat ander mense soortgelyke regte het en respekteer ek hierdie regte ongeag van ras, geloof, taal, seksuele orienteering, geslag en sosio-ekonomiese agtergrond. Ek erken veral die menswaardigheid en gelykheid van alle mense en onderneem om my regte so uit te oefen dat ander mense nie deur my optrede benadeel word nie.

4.2 Respek vir my onderwysers

Ek respekteer die onderwysers as my opvoeders en beloof my heelhartige samewerking in alle redelike opdragte wat ek van onderwysers mag ontvang. Ek respekteer die onderwysers as volwassenes en erken dat hulle opleiding en ervaring my tot voordeel kan strek. Daarom onderneem ek om my volle samewerking aan onderwysers te gee en altyd hoflik teenoor hulle op te tree.

4.3 Respek vir personeel, nie-personeel en besoekers

Die bydraes deur administratiewe personeel, nie-personeel en terreinwerkers tot die gladde verloop word hoog aangeslaan. Daarom sal ek ook teenoor hierdie persone met agting en respek optree. Besoekers aan die skool, soos distriksfasililteerders, besigheidsmense en ouers, dra die skool se welsyn op die hart en ek sal hulle met respek en hoflikheid bystaan waar nodig.

4.4 Erkenning van multi-kulturaliteit

Die Suid-Afrikaanse gemeenskap bestaan uit ‘n verskeidenheid van rasse, kulture en gelowe. Ek aanvaar alle mede-leerders as individue wat soortgelyke ideale en doelwitte as ek mag nastreef, maar dat hulle ook hulle eie ideale mag hê. Ek respekteer mense se andersheid en sal nie so optree dat ek ander mense se menswaardigheid aantas nie.

4.5 Respek vir die omgewing en skoolfasiliteite

Ek aanvaar die verantwoordelikheid om vir die natuurlike omgewing om te gee en dit te bewaar. Ek waardeer die skoolgeboue, klaskamerinhoud en ander fisiese geriewe wat vir my gebruik beskikbaar gestel is. Ek onderneem om op ‘n verantwoordelike wyse daarvan gebruik te maak en vir sover dit binne my vermoë is, ‘n bydrae tot die instandhouding daarvan te lewer, insluitend om my ouers aan te moedig om skoolgeld te betaal en aktiwiteite te ondersteun ter uitbreiding van die fisiese fasiliteite.

4.6 Gehoorsaamheid aan organisatoriese- en gedragsreëls

Ek besef dat ‘n skool nie sonder organisatoriese- en gedragsreëls kan funksioneer nie. Daarom lê ek my neer by die skool se gedragsreëls. Ek onderneem om die tydrooster van die skool te eerbiedig deur stiptelik teenwoordig te wees by die aanvang van die skooldag en elke periode waarby ek betrokke is. Ek aanvaar die gesag van die persone in bevel van

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

orde en dissipline in die skool en sal my aan toepaslike strawwe onderwerp indien ek oortree.

4.7 Buitemuurse aktiwiteite

Ek besef die vormingswaarde van sport, kulturele aktiwiteite, akademiese en sosiale uitstappies en wil graag as ‘n aktiewe deelnemer of lojale ondersteuner betrokke wees. Toepaslike kleredrag en ‘n netjiese voorkoms by die geleenthede dra by tot die uitbouing van ‘n positiewe beeld van die skool. Ek onderskryf die feit dat skoolreëls ook by uitstappies of ander buite-kurrikulêre aangeleenthede moet geld ter wille van die goeie orde en die skool se goeie naam. Ek onderneem om die reëls van die sportbeleid en alle ander tersaaklike beleide byvoorbeeld kleredragbeleid en selfoonbeleid, na te kom.

4.8 Voorkoms

Uniforme skooldrag dra by tot eenheid van sin en strewe. Die skoolwapen versinnebeeld die gesamentlike strewe van leerders, ouers en personeel. Omdat die skooluniform en gepaardgaande voorkomsreëls tradisionele waardes van die skool en die gemeenskap verteenwoordig, sal ek die skooldrag met trots dra en die voorskrifte van persoonlike voorkoms wat die skooldrag komplimenteer nakom. Ek onderneem dus om die reëls ten opsigte van kleredrag (Skool en Sivvie) na te kom.

4.9 Veiligheid

Ter wille van my eie veiligheid sal ek gebruiksvoorskrifte vir laboratoria en werkswinkels nakom en klaskamerreëls wat op kinderveiligheid gemik is, eerbiedig. Tydens klaswisseling, op die skoolterrein, met uitstappies en op die sportveld sal ek poog om deur my optrede nie my eie en / of ander persone se veiligheid in gevaar te stel nie.

4.10 Akademiese aangeleenthede

Ek kan alleen baat vind by onderwys indien ek intensief by die leergebeure in die klaskamer betrokke raak. Daarom sal ek wanneer dit van my verwag word positief aan klasaktiwiteite deelneem. Ek keur gedrag af wat ontwrigtend op die onderrigproses inwerk. Ek besef die waarde van huiswerk en sal dit getrou doen. Omdat die uitkoms van assessering van groot belang is vir my toekoms, sal ek pligsgetrou vir assesseringsgeleenthede voorberei. Eerlikheid is ‘n deel van ‘n onkreukbare karakter en daarom sal ek te alle tye honderd persent eerlik wees tydens assessering en nie verdra dat ander persone oneerlik optree nie.

4.11 Ordelike verloop by skool

Ek is ook daarvoor verantwoordelik om ‘n bydrae te lewer tot die ordelike verloop van gebeure by en na skool. Ek het op verskeie vlakke die geleentheid om ‘n bydrae te lewer wat skoolbestuur kan verbeter, byvoorbeeld as hoofleier, monitor, klasleier, spankaptein, voorsitter van ‘n akademiese of sosiale vereniging ensomeer. In watter hoedanigheid ek ookal dien, moet ek steeds die belange van die skool vooropstel en nie persoonlike begunstiging of bevoordeling soek nie. Ek onderskryf hierdie beginsel en sal te alle tye

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

deur my optrede, ook buite formele organisasieverband, daarna streef om die skool se etos te bewaar en te versterk.

4.12 Reëls

Reëls word opgestel om die waardes vervat in die erekodes, te laat realiseer en het dus ten doel om:

a) ‘n positiewe leeromgewing te skep en in stand te hou;

b) aanvaarbare sowel as onaanvaarbare gedrag uit te spel;

c) opvoedkundige doelwitte te bevorder.

Ek verklaar dat ek op hoogte is van al die beleide rakende dissipline, skoolbywoning, afwesigheid, kleredrag, optrede in klaskamer en op die speelterrein, sportbywoning en deelname by sportbyeenkomste, ensomeer. Ek onderneem om die reëls van sodanige beleide noukeurig na te kom.

## 5. GEDRAGSKODE VIR ONDERWYSERS

5.1 Algemeen

Sosiale media en digitale gebruik

Die onderwysers wat by die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwysers geregistreer of gedeeltelik geregistreer asook studente-onderwysers is, en in Laerskool Jan van Riebeeck met die verantwoordelikheid dien:

a) erken die roeping van hul beroep om die leerders van die skool op te voed, op te lei en te onderrig;

b) erken dat houding, toewyding, self-dissipline, ideale, opleiding en handelswyse van die onderwys beroep die kwaliteit van opvoeding in die gemeenskap bepaal;

c) erken, ondersteun en bevorder basiese menseregte, soos vervat in die Grondwet;

d) verbind hulself daartoe om alles binne hul vermoë, in die uitvoering van hul professionele verantwoordelikhede, te doen om in ooreenstemming met die ideale van hul beroep op te tree, binne en buite skoolverband;

e) betaamlike, bevorderlike optrede te handhaaf om sodoende nie die beeld van die onderwys-professie te skaad nie;

f) se kleredrag en persoonlike voorkoms sal te alle tye onberispelik en toepaslik wees;

g) sal ‘n voorbeeld stel en ten minste aan die eise voldoen wat aan leerders gestel word.

5.2 Die regte van die onderwyser

Soos elke burger van die land, het onderwysers sekere regte wat beskerm word binne die Grondwet. Die fundamentele regte van onderwysers word verder beskerm deur die beginsels van die gemenereg en nasionale wetgewing.

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

Ek, as onderwyser, weet ek is geregtig op die volgende:

a) Gelykheid.

b) Menswaardigheid.

c) Privaatheid en om my lewe te lei met die minimum inmenging. Dit omvat privaat, gesins- en huislike lewe; fisiese en morele integriteit; eer en reputasie. My reg op privaatheid behels ook dat ek die reg het om nie in 'n swak lig of in die verleentheid gestel te word nie en die reg het op aanspraak op vertroulikheid.

d) Vryheid van geloof en mening.

e) Vryheid van uitdrukking.

f) Vryheid van assosiasie.

g) Politieke regte.

h) Arbeidsregte.

i) Taal en kultuur.

j) Beskerming van en respek vir my waardigheid as onderwyser. Ek is gedagtig daaraan dat hierdie verhouding nie afgedwing kan word nie, maar deur my optrede verdien moet word.

k) My regte as onderwyser word egter altyd opgeweeg teenoor dit wat in die beste belang van die behoud van 'n effektiewe, samehorige onderwys en leeromgewing is. Leerderoptrede wat in stryd is met my regte as onderwyser moet altyd beoordeel word teen die agtergrond van die eienskappe eie aan dié van 'n leerder, naamlik:

- Gebrek aan oordeel.
- Gebrek aan rasionele denke.
- Emosionele onvolwassenheid.
- Impulsiewe gedrag.

Ek, die onderwyser, verklaar voorts:

a) Ek besef dat dit 'n voorreg is om by Laerskool Jan van Riebeeck my onderwys-professie te beoefen. Daarom belowe ek:

- Om my beste te lewer vir die skool.
- Om ten volle voorbereid te wees vir alle lesse.
- Om die beste lesse aan te bied en die werk so deeglik en verstaanbaar moontlik vir die leerders te maak.
- Om die skoolreëls toe te pas.

b) Ek verwag die beste van leerders. Daarom gaan ek my beste vir die leerders gee deur:

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

- Stiptelik te wees vir my klasse.
- Te alle tye professioneel teenoor leerders op te tree.
- Altyd konsekwent op te tree.
- Altyd in ag te neem dat leerders verskil ten opsigte van vermoëns en begaafdheid en dat dit gereflekteer sal word in my onderrig en oordra van kennis en bemoeienis met leerders om sodoende seker te maak dat alle leerders die leerstof bemeester.

c) Laerskool Jan van Riebeeck het 'n grootse naam en geskiedenis. Daarom onderneem ek:

- Om ongeag waar ek is, so op te tree dat die skool se goeie naam nie skade ly nie.
- Om 'n voorbeeld te stel met my optrede binne en buite die skoolgronde.
- Om my kleredrag en voorkoms ooreenkomstig die kleredrag beleid vir onderwysers te handhaaf tydens werksure, op skooluitstappies en skooltoere.

d) Ek is 'n individu en volwassene in eie reg. Daarom gaan ek:

- My weerhou van enige negatiewe gedrag, kwaadpraat en skinderstories teenoor my kollegas, alle leerders en ouers.
- My kollegas te ondersteun en deel te wees van die Laerskool Jan van Riebeeck span.
- Ander se reg op regverdigheid, respek en sukses te erken.

e) Dissipline is die teëlaarde van sukses. Ek ondersteun hierdie beginsel en onderneem om:

- Konsekwent en billik te wees in die toepassing van dissipline.
- Nie uitsonderings te maak en sekere leerders te bevoordeel of benadeel in die toepassing van dissipline nie.
- My te weerhou van impulsiewe optrede en om nie te straf in die hitte van die oomblik nie.
- Nie enige leerders se waardigheid te krenk of hulle te verneder voor ander nie.

5.3 Gedrag: Onderwyser teenoor die leerder

Die onderwyser:

a) respekteer die waardigheid, geloof en grondwetlike regte van leerders, insluitende die reg op privaatheid en vertroulikheid;

b) erken die uniekheid, individualiteit en bepaalde behoeftes van elke leerder en gebruik rigtinggewende leiding en motivering teenoor elke leerder in die ontdekking van sy / haar potensiaal;

c) streef daarna om 'n leerder in staat te stel om waardestellings in lyn met die fundamentele regte, soos uitgebeeld in die Grondwet, te ontwikkel;

d) beoefen gesag met deernis;

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

e) vermy enige vorm van vernedering, weerhou hom - / haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en / of psigologies;

f) vermy onbehoorlike fisiese kontak met leerders;

g) bevorder geslagsgelykheid;

h) vermy enige vorm van seksuele afmatigende gedrag, hetsy fisies of andersyds, teenoor leerders;

i) vermy enige seksuele verhouding met enige leerder;

j) sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in hul interaksie met leerders, om sodoende respek by leerders in te boesem;

k) neem verantwoordelike besluite om die veiligheid van leerders te verseker;

l) misbruik nie sy / haar posisie vir enige finansiële, politieke en / of persoonlike gewin nie;

m) is nie nalatig, traag en lui in die uitvoering van sy / haar professionele verantwoordelikhede nie;

n) is altyd eerlik, opreg en regverdig in hul optrede teenoor leerders;

o) erken leerders as vennote in onderwys.

5.4 Gedrag: Onderwyser teenoor die ouer

Die onderwyser, waar van toepassing:

a) erken ouers as vennote van onderwys en bevorder 'n verhouding van harmonie met hulle;

b) doen alles prakties moontlik om ouers volledig en stiptelik ingelig te hou rakende die welstand en vordering van hulle kind.

5.5 Gedrag: Onderwyser teenoor die gemeenskap

Die onderwyser:

a) erken dat 'n opvoedkundige inrigting die gemeenskap waarbinne dit gesetel is, dien en dat daar 'n verskeidenheid gebruike, kodes en gelowe binne so 'n gemeenskap bestaan; en

b) gedra hom- / haarself op so 'n wyse dat die respek vir die verskeidenheid gebruike, kodes en gelowe binne die gemeenskap gerespekteer word.

5.6 Gedrag: Onderwyser teenoor sy / haar kollega

Die onderwyser:

a) weerhou hom- / haarself van die ondermyning van die status en gesag van enige kollega;

b) respekteer en erken die verskeidenheid van verantwoordelikhede aan kollegas toegeken met gesag daaruit voortspruitend, om sodoende die progressiewe verloop van die opvoedkundige proses by die opvoedkundige inrigting te verseker;

c) aanvaar regmatige prosedures vir die aanspreek van kwessies, professionele onbevoegdheid en wangedrag;

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

d) bevorder geslagsgelykheid;

e) weerhou hom- / haarself van enige seksuele teistering, fisies of andersyds, van ‘n kollega;

f) sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in hul interaksie met kollegas;

g) vermy enige vorm van vernedering, weerhou hom- / haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en / of sielkundig, teenoor enige kollega;

h) is lojaal teenoor sy / haar skool, skoolhoof, kollegas, leerders en ouers.

**5.7 Gedrag: Onderwyser en die beroep**

Die onderwyser:

a) erken dat die beoefening van sy / haar professionele verantwoordelikhede geskied binne die raamwerk van samewerking met en die ondersteuning van kollegas;

b) tree op en gedra hom- / haarself op ‘n wyse wat die status en waardigheid van die onderwys professie bevorder en nie skaad nie;

c) bly op die voorgrond van opvoedkundige tendense en ontwikkelings;

d) bevorder konstante ontwikkeling van onderwys / opvoeding as ‘n beroep;

e) aanvaar sy / haar verantwoordelikheid m.b.t. die insluiting, opname en induksie van nuwe lede van die onderwys beroep.

5.8 Gedrag: Onderwyser teenoor sy / haar werkgewer

a) Die onderwyser:

b) erken die werkgewer as ‘n vennoot binne opvoeding / onderwys;

c) erken dat sekere verantwoordelikhede en gesag deur wetgewing in die werkgewer gesetel is;

d) dien sy / haar werkgewer na die beste van sy / haar vermoë;

e) weerhou hom- / haarself van die kommunikeer van enige vertroulike en amptelike aangeleenthede met ongemagtigde persoon/ -e.

5.9 Onderwyser en wangedrag

5.9.1 Rook / vaping

Volgens Wet, word rook verbied in alle ommuurde openbare plekke. Rook is spesifiek verbode in:

a) Klaskamer / -sentrum waar leerders teenwoordig is;

b) personeelkamer;

c) administratiewe kantore;

d) enige skoolgebou waar leerders of nie-rokers teenwoordig is;

e) busse of enige amptelike skoolvoertuig waar leerders of nie-rokers vervoer word;

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

f) parkeerarea;

g) Nasorg.

5.9.2 Alkoholgebruik

Alkoholgebruik is verbode:

a) Tydens werksure, uitgesluit uitsonderlike goedgekeurde funksies wat tydens skoolure aangebied word.

b) Terwyl skoolvoertuie bestuur word.

c) In situasies waar dit aanstoot kan gee of die beroep se integriteit in gedrang kan bring.

## 6. GEDRAGSKODE VIR PERSONEEL

Personeel sal poog om te alle tye die beste belange van die skool te bevorder deur homself of haarself te weerhou van enige handeling of versuim wat die belange van die skool benadeel of waarskynlik kan benadeel.

a) Geen handeling of versuim sal verrig word wat die goeie naam, die regte of die statutêre rol in die onderwys van die beheerraad, ŉ persoon in diens by die skool, of ŉ leerder of ouer van die skool onredelikerwys benadeel of waarskynlik kan benadeel nie;

b) Ondermyn nie die status van sy / haar kollegas nie;

c) Bevorder geslagsgelykheid en weerhou hom- / haarself van teistering (fisies of andersins) van sy of haar kollegas en in besonder leerders;

d) Erken die onderskeie verantwoordelikhede wat aan kollegas opgedra is en die gesag wat daaruit voortvloei om sodoende die soepele funksionering van die inrigting te verseker.

e) Erken dat sy of haar professionele pligte binne ŉ konteks van samewerking met en ondersteuning van kollegas uitgevoer word, en tree dus so op dat dit die waardigheid en status van die professie bevorder.

6.1 Die regte van personeel

Soos elke burger van die land, het personeellede sekere regte wat beskerm word binne die Grondwet. Die fundamentele regte van personeellede word verder beskerm deur die beginsels van die gemenereg en nasionale wetgewing.

Ek, as personeellid, weet ek is geregtig op die volgende:

a) Gelykheid.

b) Menswaardigheid.

c) Privaatheid en om my lewe te lei met die minimum inmenging. Dit omvat privaat, gesins- en huislike lewe, fisiese en morele integriteit, eer en reputasie.

d) Vryheid van geloof en mening.

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

e) Vryheid van uitdrukking.

f) Vryheid van assosiasie.

g) Politieke regte.

h) Arbeidsregte.

i) Taal en kultuur.

j) My regte as personeellid word egter altyd opgeweeg teenoor dit wat in die beste belang van die behoud van ‘n effektiewe, samehorige onderwys en leeromgewing is. Leerderoptrede wat in stryd is met my regte as personeellid moet altyd beoordeel word teen die agtergrond van die eienskappe eie aan dié van ‘n leerder, naamlik:

k) Gebrek aan oordeel.

l) Gebrek aan rasionele denke.

m) Emosionele onvolwassenheid.

n) Impulsiewe gedrag.

Ek, die personeellid, verklaar voorts:

i. Ek besef dat dit ‘n voorreg is om by Laerskool Jan van Riebeeck in diens te wees. Daarom belowe ek:

- Om my beste te lewer vir die skool.
- Om betyds te wees.
- Om my werk na die beste van my vermoë te verrig.
- Om die skoolreëls toe te pas.
- Om te alle tye professioneel teenoor leerders, personeel, nie-personeel en ouers op te tree.
- Om altyd konsekwent op te tree.

ii. Laerskool Jan van Riebeeck het ‘n grootse naam en geskiedenis. Daarom onderneem ek:

- Om ongeag waar ek is, so op te tree dat die skool se goeie naam nie skade ly nie.

Om ‘n voorbeeld te stel met my optrede binne en buite die skoolgronde.

- Om professioneel aanvaarbare kleredrag en voorkoms te handhaaf tydens werksure.

iii. Ek is ‘n individu en volwassene in eie reg. Daarom gaan ek:

- My weerhou van enige negatiewe gedrag, kwaadpraat en skinderstories teenoor die onderwysers, my kollegas, alle leerders en ouers.
- Onderwysers en my kollegas te ondersteun en deel te wees van die Laerskool Jan van Riebeeck span.

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

- Ander se reg op regverdigheid, respek en sukses te erken.

6.2 Gedrag: Personeellid teenoor die leerder

Die personeellid:

a) respekteer die waardigheid, geloof en grondwetlike regte van leerders, insluitende die reg op privaatheid en vertroulikheid;

b) beoefen gesag met deernis;

c) vermy enige vorm van vernedering, weerhou hom - / haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en / of psigologies;

d) vermy onbehoorlike fisiese kontak met leerders;

e) bevorder geslagsgelykheid;

f) vermy enige vorm van seksuele afmatigende gedrag, hetsy fisies of andersyds, teenoor leerders;

g) vermy enige seksuele verhouding met enige leerder;

h) sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in hul interaksie met leerders, om sodoende respek by leerders in te boesem;

i) neem verantwoordelike besluite om die veiligheid van leerders te verseker;

j) misbruik nie sy / haar posisie vir enige finansiële, politieke en / of persoonlike gewin nie;

k) is nie nalatig, traag en lui in die uitvoering van sy / haar professionele verantwoordelikhede nie;

l) is altyd eerlik, opreg en regverdig in hul optrede teenoor leerders.

6.3 Gedrag: Personeellid teenoor die ouer

Die personeellid, waar van toepassing:

a) erken ouers as vennote en bevorder 'n verhouding van harmonie met hulle;

b) waar van toepassing, doen alles prakties moontlik om ouers volledig en stiptelik ingelig te hou rakende die welstand en vordering van hulle kind.

6.4 Gedrag: Personeellid teenoor gemeenskap

Die personeellid:

a) erken dat 'n opvoedkundige inrigting die gemeenskap waarbinne dit gesetel is, dien en dat daar 'n verskeidenheid gebruike, kodes en gelowe binne so 'n gemeenskap bestaan; en

b) gedra hom- / haarself op so 'n wyse dat die respek vir die verskeidenheid gebruike, kodes en gelowe binne die gemeenskap gerespekteer word.

6.5 Gedrag: Personeellid teenoor sy / haar kollegas en onderwysers

Die personeellid:

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

wees jouself

a) weerhou hom- / haarself van die ondermyning van die status en gesag van enige kollega;

b) respekteer en erken die verskeidenheid van verantwoordelikhede aan kollegas toegeken met gesag daaruit voortspruitend, om sodoende die progressiewe verloop van die opvoedkundige proses by die opvoedkundige inrigting te verseker;

c) aanvaar regmatige prosedures vir die aanspreek van kwessies, professionele onbevoegdheid en wangedrag;

d) bevorder geslagsgelykheid;

e) weerhou hom- / haarself van enige seksuele teistering, fisies of andersyds, van 'n kollega;

f) sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in hul interaksie met kollegas;

g) vermy enige vorm van vernedering, weerhou hom- / haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en / of sielkundig, teenoor enige kollega;

h) is lojaal teenoor sy / haar skool, skoolhoof, onderwysers, kollegas, leerders en ouers.

6.6 Gedrag: Personeellid teenoor sy / haar werkgewer

Die personeellid:

a) erken dat sekere verantwoordelikhede en gesag deur wetgewing in die werkgewer gesetel is;

b) dien sy / haar werkgewer na die beste van sy / haar vermoë;

c) weerhou homself / haarself van die kommunikeer van enige vertroulike en amptelike aangeleenthede met ongemagtigde persoon / -e.

6.7 Personeel en wangedrag

6.7.1 Rook / vaping

Volgens Wet, word rook verbied in alle ommuurde openbare plekke. Rook is

spesifiek verbode in:

a) Klaskamer / -sentrum waar leerders teenwoordig is.

b) Personeelkamer.

c) Administratiewe kantore.

d) Enige skoolgebou waar leerders of nie- rokers teenwoordig is.

e) Busse of enige amptelike skoolvoertuig waar leerders of nie-rokers vervoer word.

f) Parkeerarea

g) Nasorg

6.7.2 Alkoholgebruik

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

Alkoholgebruik is verbode:

a) Tydens werksure, uitgesluit uitsonderlike goedgekeurde funksies wat tydens skoolure aangebied word.

b) Terwyl skoolvoertuie bestuur word.

c) In situasies waar dit aanstoot kan gee of die beroep se integriteit in gedrang kan bring.

## 7. GEDRAGSKODE VIR NIE-PERSONEELLEDE

Nie-personeellede (kontrakteurs en diensverskaffers) sal poog om te alle tye die beste belange van die skool te bevorder deur homself of haarself te weerhou van enige handeling of versuim wat die belange van die skool benadeel of waarskynlik kan benadeel.

a) Geen handeling of versuim sal verrig word wat die goeie naam, die regte of die statutêre rol in die onderwys van die beheerraad, ŉ persoon in diens by die skool, of ŉ leerder of ouer van die skool onredelikerwys benadeel of waarskynlik kan benadeel nie;

b) Bevorder geslagsgelykheid en weerhou hom- / haarself van teistering (fisies of andersins) van onderwysers, personeellede en in besonder leerders;

c) Erken dat sy of haar professionele pligte binne ŉ konteks van samewerking met en ondersteuning van onderwysers en personeellede uitgevoer word, en tree dus so op dat dit die waardigheid en status van die professie bevorder.

7.1 Die regte van die nie-personeel

Soos elke burger van die land, het nie-personeellede sekere regte wat beskerm word binne die Grondwet. Die fundamentele regte van nie-personeellede word verder beskerm deur die beginsels van die gemenereg en nasionale wetgewing.

Ek, as nie-personeellid, weet ek is geregtig op die volgende:

a) Gelykheid.

b) Menswaardigheid.

c) Privaatheid en om my lewe te lei met die minimum inmenging. Dit omvat privaat, gesins- en huislike lewe; fisiese en morele integriteit; eer en reputasie. My reg op privaatheid behels ook dat ek die reg het om nie in ‘n swak lig of in die verleentheid gestel te word nie en die reg het op aanspraak op vertroulikheid.

d) Vryheid van geloof en mening.

e) Vryheid van uitdrukking.

f) Vryheid van assosiasie.

g) Politieke regte.

h) Arbeidsregte.

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

i) Taal en kultuur.

j) Beskerming van en respek vir my waardigheid as nie-personeellid. Ek is gedagtig daaraan dat hierdie verhouding nie afgedwing kan word nie, maar deur my optrede verdien moet word.

k) My regte as nie-personeellid word egter altyd opgeweeg teenoor dit wat in die beste belang van die behoud van 'n effektiewe, samehorige onderwys en leeromgewing is. Leerderoptrede wat in stryd is met my regte as nie-personeellid moet altyd beoordeel word teen die agtergrond van die eienskappe eie aan dié van 'n leerder, naamlik:

l) Gebrek aan oordeel.

m) Gebrek aan rasionele denke.

n) Emosionele onvolwassenheid.

o) Impulsiewe gedrag.

Ek, die nie-personeellid, verklaar voorts:

i. Ek besef dat dit 'n voorreg is om in verbintenis met Laerskool Jan van Riebeeck te wees. Daarom belowe ek:

- Om my beste te lewer vir die skool.
- Om betyds te wees.
- Om my werk na die beste van my vermoë te verrig.
- Om die skoolreëls toe te pas.
- Om te alle tye professioneel teenoor leerders, onderwysers, personeel, nie-personeel en ouers op te tree.
- Om altyd konsekwent op te tree.

ii. Laerskool Jan van Riebeeck het 'n grootse naam en geskiedenis. Daarom onderneem ek:

- Om ongeag waar ek is, so op te tree dat die skool se goeie naam nie skade ly nie.
- Om 'n voorbeeld te stel met my optrede binne en buite die skoolgronde.
- Om professioneel aanvaarbare kleredrag en voorkoms te handhaaf tydens werksure.

iii. Ek is 'n individu en volwassene in eie reg. Daarom gaan ek:

- My weerhou van enige negatiewe gedrag, kwaadpraat en skinderstories teenoor die onderwysers, personeellede, nie-personeellede, alle leerders en ouers.
- Onderwysers en personeel te ondersteun en deel te wees van die Laerskool Jan van Riebeeck span.

Ander se reg op regverdigheid, respek en sukses te erken.

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

7.2 Gedrag: Nie-personeellid teenoor die leerder

Die nie-personeellid:

a) respekteer die waardigheid, geloof en grondwetlike regte van leerders, insluitende die reg op privaatheid en vertroulikheid;

b) beoefen gesag met deernis;

c) vermy enige vorm van vernedering, weerhou hom - / haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en / of psigologies;

d) vermy onbehoorlike fisiese kontak met leerders;

e) bevorder geslagsgelykheid;

f) vermy enige vorm van seksuele afmatigende gedrag, hetsy fisies of andersyds, teenoor leerders;

g) vermy enige seksuele verhouding met enige leerder;

h) sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in hul interaksie met leerders, om sodoende respek by leerders in te boesem;

i) neem verantwoordelike besluite om die veiligheid van leerders te verseker;

j) misbruik nie sy / haar posisie vir enige finansiële, politieke en / of persoonlike gewin nie;

k) is nie nalatig, traag en lui in die uitvoering van sy / haar professionele verantwoordelikhede nie;

l) is altyd eerlik, opreg en regverdig in hul optrede teenoor leerders.

7.3 Gedrag: Nie-personeellid teenoor die ouer

Die nie-personeellid, waar van toepassing:

a) erken ouers as vennote en bevorder 'n verhouding van harmonie met hulle;

b) waar van toepassing, doen alles prakties moontlik om ouers volledig en stiptelik ingelig te hou rakende die welstand en vordering van hulle kind.

7.4 Gedrag: Nie-personeellid teenoor die gemeenskap

Die nie-personeellid:

a) erken dat 'n opvoedkundige inrigting die gemeenskap waarbinne dit gesetel is, dien en dat daar 'n verskeidenheid gebruike, kodes en gelowe binne so 'n gemeenskap bestaan; en

b) gedra hom- / haarself op so 'n wyse dat die respek vir die verskeidenheid gebruike, kodes en gelowe binne die gemeenskap gerespekteer word.

7.5 Gedrag: Nie-personeellid teenoor onderwysers en personeellede

Die nie-personeellid:

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

a) weerhou hom- / haarself van die ondermyning van die status en gesag van enige onderwyser en / of personeellid;

b) respekteer en erken die verskeidenheid van verantwoordelikhede aan onderwysers en / of personeellede toegeken met gesag daaruit voortspruitend, om sodoende die progressiewe verloop van die opvoedkundige proses by die opvoedkundige inrigting te verseker;

c) aanvaar regmatige prosedures vir die aanspreek van kwessies, professionele onbevoegdheid en wangedrag;

d) bevorder geslagsgelykheid;

e) weerhou hom- / haarself van enige seksuele teistering, fisies of andersyds, van 'n onderwyser en / of pesoneellid;

f) sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in hul interaksie met ondewyers en / of personeellede;

g) vermy enige vorm van vernedering, weerhou hom- / haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en / of sielkundig, teenoor enige onderwyser en / of personeellid;

h) is lojaal teenoor die skool, skoolhoof, onderwysers, personeellede, leerders en ouers.

7.6 Gedrag: Nie-personeellid teenoor sy / haar werkgewer (die skool)

Die nie-personeellid:

a) erken dat sekere verantwoordelikhede en gesag deur wetgewing in die werkgewer (die skool) gesetel is;

b) dien sy / haar werkgewer na die beste van sy / haar vermoë;

c) weerhou hom- / haarself van die kommunikeer van enige vertroulike en amptelike aangeleenthede met ongemagtigde persoon /-e.

**7.7 <u>Nie-personeel en wangedrag</u>**

7.7.1 Rook / vaping

Volgens Wet, word rook verbied in alle ommuurde openbare plekke. Rook is spesifiek verbode in:

a) Klaskamer / -sentrum waar leerders teenwoordig is.

b) Personeelkamer.

c) Administratiewe kantore.

d) Enige skoolgebou waar leerders of nie- rokers teenwoordig is.

e) Busse of enige amptelike skoolvoertuig waar leerders of nie-rokers vervoer word.

f) Parkeerarea

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

g) Nasorg

7.7.2 Alkoholgebruik

Alkoholgebruik is verbode:

a) Tydens werksure, uitgesluit by uitsonderlike goedgekeurde funksies wat tydens skoolure aangebied word, byvoorbeeld die Graad 7 ete vir personeel.

b) Terwyl skoolvoertuie bestuur word.

c) In situasies waar dit aanstoot kan gee of die beroep se integriteit in gedrang kan bring.

## 8. <u>OUER VERANTWOORDELIKHEID EN BETROKKENHEID</u>

8.1 Inleiding

Die ouer bly die primêre opvoeder van die leerder en is dus primêr verantwoordelik vir die opvoeding van die leerder. Hierdie primêre verantwoordelikheid mag nie sonder meer in die hande van die skool gelaat word nie. Die skool, as verlengstuk van die ouerhuis, daarenteen, behartig veral die deel van die opvoedingstaak wat weens die gespesialiseerde aard daarvan, nie geredelik deur die ouers uitgevoer kan word nie. Die skool en die gesin het elkeen hul eie taak om te vervul en die een kan nie die taak van die ander een suksesvol oorneem nie. Tog is hulle ten nouste bymekaar betrokke en word hulle onvervreembare bondgenote in die opvoeding van die leerders.

Ouerbetrokkenheid by die skool word bepaal deur die kwaliteit van die ouer se betrokkenheid by sy eie kind. Ouerbetrokkenheid begin in die gesin en die ouer wat nie by sy / haar kind betrokke is nie, sal moeilik tot betrokkenheid by die skool gemotiveer word. Volwasse ouerbetrokkenheid veronderstel verstandige besluite en duidelike aanvaarbare riglyne aan die leerders oor wat mag en nie mag nie, oor werkshouding, getrouheid, entoesiasme, pligsbesef, verantwoordelikheid, vryetydsbesteding, optrede teenoor onderwysers en maats, aanleer van maniere en etiket, en die opneem van 'n eie aanvaarbare lewenshouding.

Elke ouer van Laerskool Jan van Riebeeck verbind hulle tot:

a) Die opvoeding van leerders tot verantwoordelike en selfstandige besluitnemers;

b) Die kweek van 'n pligsbesef by leerders;

c) Die handhawing van dissipline by leerders;

d) Die behandeling van onderwysers, personeel en bestuur met respek;

e) Die aanvaarding van die skoolreëls en beleide en die bevordering daarvan by die leerders;

f) Die respek vir die skoolomgewing en die skoolfasiliteite;

g) Die erkenning van multikulturaliteit van mede-ouers en dat hulle so sal optree dat hulle nie die menswaardigheid van ander ouers sal aantas nie;

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

h) Respek vir personeel en besoekers. Die bydraes tot die gladde verloop van die skoolorganisasie deur administratiewe personeel en terreinwerkers word hoog aangeslaan en daarom sal ouers die personeel met agting hanteer.

8.2 Regte van ouers

Ek, as ouer, weet ek is geregtig op die volgende:

a) Om op die beheerraad te dien indien demokraties verkies;

b) Om te verwag dat die standaard van onderwys korrek en in lyn is met die beginsels soos vervat in die Skolewet en die Grondwet;

c) Gereeld op hoogte gehou te word ten opsigte van die vordering van my kind by die skool aktiwiteite of gedragsafwykende gedrag indien dit geopenbaar word;

d) Enige probleme met die onderwyser of die skoolhoof te bespreek, maar op so 'n manier dat die integriteit van geen persoon afgekraak word nie / sy of haar regte nie aangetas word nie;

e) Deel te neem in die besluitnemingsprosesse en funksies soos van tyd tot tyd deur die skool verlang.

8.3 Verantwoordelikhede van ouers

Ek, as ouer, weet ek is verantwoordelik vir die volgende:

a) Om die gedragskode van die skool te ondersteun en so op te tree dat die waardes van die skool gereflekteer word.

b) Om die skoolhoof te ondersteun in sy besluite en bestuur van die skool en ek sal die vrymoedigheid hê om enige probleme of verskille met die hoof te bespreek.

c) Om met onderwysers in gesprek te tree indien ek 'n probleem by / met die skool ervaar.

d) Om die openbare beeld van die skool te bevorder en 'n positiewe boodskap uit te dra na potensiële kliënte / ouers van die skool.

e) Om hartlik ondersteunend saam te werk met die leerder se onderwysers tot voordeel van die leerder sonder om oor te neem of in te meng op die terrein van die skool.

f) Om die onderwysers te erken as plaasvervangende ouers en alles in my vermoë te doen om die onderwysers se gesag te ondersteun en om die leerder se vertroue in die onderwysers te verstewig en die verhouding tussen skool en ouerhuis te bevestig.

g) Om eers die skool of betrokke onderwyser te spreek as ek ongelukkig is oor iets by die skool en nie by die eerste geleentheid na die media te hardloop nie. Ek besef dat berigte in die media die skool se openbare beeld onnodig kan skaad, terwyl die probleem maklik by die skool opgelos kon word.

h) Om aan leerders 'n veilige en geborge opvoeding te gee waarmee die leerders se volle potensiaal ontwikkel kan word;

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

i) Om toe te sien dat leerders elke dag skool bywoon en indien hulle afwesig is, dit onder die aandag van die skool te bring. Indien ‘n leerder vroeg die skool moet verlaat weet ek dat ek persoonlik die nodige reëlings moet tref en die leerder persoonlik by die kantoor gaan afhaal;

j) Om toe te sien dat leerders betyds afgehaal word aan die einde van die skooldag of wanneer na-ure aktiwiteite plaasvind soos uitstappies, sportgeleenthede of sosiale geleenthede. Dit bly my verantwoordelikheid om leerders by die skool af te haal na skoolsluiting omdat die skool nie verantwoordelikheid kan neem vir leerders na-ure nie.

k) Om toe te sien dat gereelde akademiese rapporte van die vordering van die leerder ontvang word en dit ook met die onderwyser en die leerder te bespreek;

l) Om die skool se ouervergaderings by te woon en ek is bereid om die waarheid oor leerders te aanvaar tydens ouervergaderings wanneer daar op ‘n eerlike wyse oor die leerder se vordering en gedrag gepraat word.

m) Om die skool se omsendbriewe te lees en daarop te reageer as daar afskeurstrokies betrokke is.

n) Om toe te sien dat leerders leer vir toetse of assesseringsgeleenthede.

o) Om gereeld leerders se huiswerkboeke na te gaan en handtekeninge aan te bring indien daar so ‘n versoek gerig word.

p) Om leerders se toetse te teken indien deur die skool so versoek.

q) Om nie onderwysers of personeel te probeer omkoop om sekere gunste aan leerders te bewys nie.

r) Om toe te sien dat die leerder gesond en skoon is en dat hy / sy geïmmuniseer is soos vereis deur die Gesondheidsdepartement.

s) Om toe te sien dat leerders die nodige toerusting het om hulle klaswerk en huiswerk te doen.

t) Om enige veranderinge in die leerder se huislike omstandighede onder die skool se aandag te bring.

u) Om die skool te voorsien met die korrekte telefoonnommers, adresse en geboortesertifikate.

v) Om gereeld en betyds leerders se skoolgeld te betaal of reëlings met die Finansiële Komitee te tref.

w) Om ‘n positiewe houding te kweek tussen die leerder, die onderwyser en die skool deur aktief betrokke te raak by die aktiwiteite van die skool.

x) Om enige skade aan die gebou en ander toerusting aangerig deur leerders te vervang of te herstel.

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

y) Om ‘n algemene vrywaringsvorm te onderteken voordat die leerder aan enige aktiwiteite by die skool mag deelneem of met ‘n bus vervoer mag word.

z) Om die skool te ondersteun wanneer die skool sekere veiligheidsmaatreëls instel om die leerders se veiligheid te verseker.

aa) Om toe te sien dat leerders in die korrekte skooldrag skool bywoon.

bb) Om funksies en gesellighede van die skool te ondersteun soos ouer-kind geleenthede, kampe en ander aktiwiteite wat vir die skoolgemeenskap gereël word.

cc) Die beheerraad, as die verteenwoordigers van die ouers, onderwysers en die personeel, moet verseker dat daar goeie kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis bestaan sodat die ouers hulle insette in die bestuur van die skool kan lewer.

dd) In enige wederregtelike optrede sal die bestaande landswette geld.

8.4 Betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite en sportbyeenkomste

Die deelname van leerders aan enige buitemuurse aktiwiteite is ‘n voorsetting van die opvoedingsproses en daarom is dit van uiterse belang dat die optrede van ouers langs die baan / veld nie aanstoot gee nie.

Ouers onderneem dus om hulself te weerhou van opmerkings teenoor die skeidsregters en ander toeskouers tydens sportbyeenkomste. Hulle onderneem ook om hulself te weerhou van geweldadige, onwelvoeglike en lasterlike taal en gedrag. In hierdie verband raadpleeg die volledige sportbeleid.

8.5 Besoeke aan die skool om onderwysers te spreek

Ouers onderneem om vooraf ‘n afspraak te reël. Ouers moet te alle tye by die kantoor aanmeld en geen ouer mag DIREK na ‘n onderwyser se klas gaan nie, want dit is steurend en bring ook mee dat al die ander leerders in die klas se onderrig onderbreek word. Indien die skoolhoof teenwoordig moet wees, moet ouers ‘n afspraak by die sekretaresse maak.

## 9. PROSEDURE OM TE VOLG BY NIE-NAKOMING VAN GEDRAGSKODE

9.1 In gevalle waar leerders, personeel en / of ouers van mening is dat ‘n ander leerder, personeellid of ouer nie aan die gedragskode voldoen nie, moet die klagte skriftelik aan die skoolhoof en die beheerraadsvoorsitter gestuur word, waarna die aangeleentheid ondersoek sal word en aksie, indien nodig, geneem sal word.

9.2 Leerders wat in gebreke bly om aan die bepalings van die gedragskode te voldoen, sal in terme van die dissiplinebeleid gedissiplineer word.

9.3 Personeel en Nie-Personeel wat in gebreke bly om aan die bepalings van die gedragskode te voldoen, sal in terme van hulle dienskontrakte op die arbeidswetlike wyse aangespreek word.

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

9.4 Ouers wat in gebreke bly om die voorwaardes van die gedragskode na te kom, sal deur die beheerraad genooi word vir 'n gesprek in die verband. Ouers wat volhard in die nie-nakoming van die gedragskode kan sekere geleenthede by die skool belet word.

© 2025 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0